# VOEDSELWETTE IN DIE ORDE VAN MELEKTZADEK

Wanneer ons inligting kry wat dit wat ons voorheen geglo het uitdaag, word dit Kognitiewe Dissonansie genoem.

Dit word gedefinieer as: "the consequences of exposure to information inconsistent with a prior belief."

Nog 'n definisie wat dit net anders stel: "Kognitiewe dissonansie beteken dat iemand spanning ondervind indien hy/sy twee dinge terselfdertyd glo wat geensins versoenbaar is met mekaar nie."

Ons het daardeur gegaan toe ons agtergekom het dat ons beroof is van die Feeste van JaHUaH, die Sabbat en die ware Name van die Vader en Seun.

Nou het ons weereens die ervaring wanneer ons agterkom dat Verbonde nie opmekaar stapel soos wat deur baie geleer word nie, maar dat die MelekTzadekorde die Levitiese orde (wat 'n tydelike maatreël nà die Goue Kalf-aanbiding was), geheel en al vervang het toe Silo ongeveer 2 000 jaar gelede gekom het (Gen. 49:10).

Is ons in die **Fisiese** Levitiese orde wat wag vir 'n Tempel om herbou te word, asook om 'n Fisiese "Groter Eksodus" terug na die "Land" te beleef, m.a.w. dit wat alles gepaard gaan met Judaïsme se Levitiese Teologie, of is ons in die **Geestelike** Herstelde Orde van MelekTzadek besig om saam te werk met die wederoprigting van alle dinge soos in Hand. 3:21 as getroue dienaars in die Koninkryk van die Hemel.

> "Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die **wederoprigting van alle dinge**, waarvan Elohiem van ouds af gespreek het deur die mond van al sy afgesonderde profete."

Hoekom het Paulus om sy gelofte af te sluit, sy hare afgesny in Kenchrèë (Hand. 18:18) en nie in die tempel nie, terwyl hy in elk geval op pad terug was na Jerusalem (vers 21). Dis 'n daad waarvoor hy die doodstraf opgelê kon word en dit was teen JaHUaH se, let wel, Levitiese instruksies wat tydens die Tanach geopereer het.

Dit is omdat hy verstaan het dat hy nou self 'n "lewende-steen-tempel" (1 Pet. 2, 2 Kor. 6:16) is. Andere het hy toegelaat om dit by die tempel te doen, omdat daar 'n periode van ongeveer 40 jaar was wat die tempel nog staande was nà JaHUsha se dood, wat gedien het as 'n oorgangstydperk vanaf die Levitiese orde na die MelekTzadekorde en dit het ruimte daarvoor gebied om sulke geloftes te kon afsluit.

Aan Noag is gesê: “Alles wat beweeg en lewe, sal julle voedsel wees. Net soos die groen plante, gee Ek dit alles aan julle.” (Gen. 9:3)

Alles is alles, maar wel nie “vleis met die siel, met sy bloed” nie (Gen. 9:4). Dit kom in Hand. 15:20 weer na vore en bevestig dat Gen. 9:3 weer opereer nà die Levitiese orde se koswette van Lev. 11. (Diere wat verwurg is, se bloed is nie gedreineer nie)

Die dag wat Messias verwerp is deur Sy eie mense (Jode van daardie tyd) en doodgemaak is, is die MelekTzadek Verbond herstel en dit het die “ou” Levitiese, tydelike Verbond met Moses (Ex. 34:27) met sy gepaardgaande Levitiese priesterskap (en voedselwette), vervang sodat dit begin vervaag het.

Ons is nie in die Verbond met Moses nie, maar met Messias JaHUsha wie se instruksies of Torah ons volg.

<u>JaHUaH se</u> Verbond wat genoem word “<u>My</u>-Verbond” is met alle vlees (Gen. 9:9 – 17) gesluit, vir “alle geslagte” wat sou kom en dit het die reënboog as die teken en bestaan al sedert Gen. 6:18.

Dit is die Ewige of **Ewigdurende Verbond** (nie die tydelike Levitiese een wat net vir ‘n beperkte tyd was nie), wat herstel is deur Messias JaHUsha en dit word verduidelik in die boek Hebreërs waar die boek ook afgesluit word as sulks in Heb. 13:20.

> “Mag die Elohiem van die vrede, wat die groot Herder van die skape, *naamlik* onse Meester JaHUsha Messias, deur die bloed van die **<u>ewige testament</u>** uit die dode teruggebring het …”

Nou kyk ons verder na Abraham (Gen. 26:5). Woorde in Hebreeus soos, bv. Shama (hoor), shamar (bewaar), mishmehreth (bewaar/hou) en al daardie woorde wat gepaard gaan met vertalings van woorde soos “gebooie, verordeninge en wette” … was dit Levities of MelekTzadek?

Laat ons kyk na Ex. 2:24, dan na Ex. 19:5 – 6 en dan na Ex. 20:19, waar Israel van ouds die direkte verhouding met JaHUaH verwerp het en gekies het dat Moses hulle middelaar moes wees, en so het die ‘n-Verbond met Moses en Israel ontstaan (Ex. 34:7) saam met die Levitiese orde wat daarmee gepaard gaan.

Tussen die bekragtiging van hierdie Verbond in Ex. 24 (die hele hoofstuk met die klem op vers 8) en Ex. 34:7, vind die episode van die aanbidding van die Goue Kalf plaas (Ex. 32) wat die Verbond van Ex. 24 verbreek, waartydens die Leviete gevolglik afgesonder is en die Ex. 34:27 – 28 Levitiese sisteem (die “ou” orde waarvan die boek van Hebreërs praat) neem dus van dàár af ‘n aanvang, totdat dit vervang sou word deur Silo soos wat geprofeteer is in Gen. 49:10.

Die Koninkryk van Elohiem (dit is die MelekTzadek-koninkryk) is nie ‘n saak van “spys en drank nie … maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Afgesonderde Gees” (Rom. 14:17), terwyl … “die een glo dat ‘n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente” (Rom. 14:2).

(Dis interessant om te sien hoedat verskillende sienings hierdie verse hanteer, maar die kern mis, naamlik dat die Koninkryk van die Hemel nie fisies is nie, maar geestelik, deur geloof.)

Geloof is die sleutel, want sonder geloof sal niemand Elohiem sien of Hom behaag nie (Heb. 11 en vers 6 meer spesifiek). Dit is hoekom Messias gesê het: “maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?” (Luk. 18:8)

of ….

Sal Hy ‘n groep mense vind wat uitkyk vir spesifieke reëls om perfek te kan navolg om sodoende hulle “eie” geregtigheid te probeer bewerk?

Dan is 2 Tim. 3:7 op diesulkes van toepassing “wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.”

In Paulus se dae, tussen die Oprigting van Messias as “Tempel” (Matt. 26:61) en die vernietiging van die Levitiese sisteem se Tempel ongeveer 40 jaar later en die “Verandering in Priesterskap asook die verandering in Torah” (Boek van Hebreërs, Heb. 7:12 spesifiek), was daar ‘n tydperk van worsteling oor die toepassing van Torah, al het Paulus sy Damaskuspad-ervaring gehad (soos EliYaHU die ervaring in die grot gehad het) … met die klem op die Afgesonderde Gees as Leermeester. Dit was ‘n tyd van radikale veranderinge in die sin om te probeer verstaan hoedat JaHUaH se Torah toegepas moes word in die herstelde MelekTzadekorde.

Vir ons vandag, is dit egter soos by ‘n T-aansluiting. Dit is òf die een òf die ander. Volg ons die rabbies via die Messiaanse beweging deur ‘n stel reëls perfek na te volg (miskien beter as my buurman langs my), of gaan ons begin leer hoe ons JaHUaH se Ewige Torah deur Sy Ewige Verbond in Messias JaHUsha moet toepas via die krag en leiding van die Ruach HaKodesh, soos dit in die Nuwe Testament vir ons gegee is as verduideliking aangaande die verandering wat gekom het.

As ons gekom het by die probleem van “Kognitiewe Dissonansie”, het ons ‘n paar keuses:

1. <u>Vermy</u> doelbewus **situasies** wat mens sal forseer om ‘n begripsverandering te maak, deur dan liewer terug te keer na die gemaksone van “ons kudde” sodat weersprekende geloofsoortuigings, of waardes wat aangebied word vir evaluasie, vermy kan word, aangesien alle nuwe informasie waarmee ons gekonfronteer word, konflik bring met ‘n mens se bestaande geloofsoortuigings, idees of waardes.

2. <u>Ignoreer</u> of ontken **enige informasie** wat in stryd is met ons bestaande geloofsoortuigings om gevolge of blootstelling aan informasie wat nie ooreenkom met ons vorige geloofsoortuiging nie, te vermy.

As die "dissonansie" nie gekalmeer kan word deur mens se geloofsoortuiging te verander nie, moet mens deel met wanpersepsies, verwerping en weerlegging van die informasie wat aangebied is. Daar kan ook gesoek word na ondersteuning van andere wat ons huidige geloofsoortuigings sal deel (die groepsdenke), en dan kan daar vervolgens pogings wees om andere te probeer oorhaal dat mens se eie geloofsisteem reg is. Die waarheid kan selfs geneutraliseer word deur te sê dat hierdie nie 'n "saak t.o.v Redding" is nie, terwyl dit glad nie vergelyk kan word nie, aangesien Redding 'n vrye gawe is en nie verdien kan word nie. Die motief is egter net om te kan voortgaan soos voorheen.

So vandag, anders as in Paulus se dae waar daar 'n tydperk van oorgang was, moet ons 'n baie duidelike keuse maak wat gegrond moet word op ons MelekTzadekskrifte, naamlik die Nuwe Testament, aangesien die Nuwe Testament 'n Getuie is t.o.v. geloof m.b.t. die Levitiese of MelekTzadek.

Dit is dus irrelevant wat enige persoon sê aangaande Voedselwette (of dan die eet van vark wat meestal ter sprake is), maar wat in die Nuwe Testament daaroor geskryf is, is belangrik. Ons het die Tanach wat Levities is wat gelei het na die MelekTzadekorde via Messias JaHUsha, terwyl ons EEN "Leermeester" het naamlik die Gees van JaHUsha, wat ons lei terwyl ons die hele Skrif het om mee te worstel.

Daar is verskillende gebruike vir vark waarvan mense nie eens weet nie en wat opeindig in die kosmetiese bedryf waar die liggaam dit opneem en moontlik ook in die voedselketting in kosse wat ons eet.

Geloof wat gebaseer word op wat mens eet wanneer kos volop is is maklik, maar wat as daar hongersnood is?

As mens die Fisiese Torah van Moses wil hou, moet mens onthou dat daardie hele Torah gehou moet word (Jak. 2:10), ons kan niks meng nie. Dis nie 'n "pick 'n mix" nie.

So, 'n mens kan 'n lang lys maak van dit wat Levities "kosher" is en alles op daardie lys vermy … of mens kan redeneer dat dit wat in die liggaam ingaan, 'n mens <u>nie GEESTELIK onrein kan maak nie</u>, soos wat dit uitgebeeld word in die Orde van MelekTzadek, in Mark. 7:19 – 23.

> "omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit en maak al die voedsel rein?
> En Hy sê: Wat **uit die mens uitgaan**, dit **maak die mens onrein**.

> Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid.
> Al **hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein**."

Ander skrifte in ons MelekTzadekskrifte …

> 1 Tim. 4:3 – 5 "wat verbied om te trou en gebied dat mense hulle moet onthou van voedsel wat Elohiem geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.
> Want alles wat deur Elohiem geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word afgesonder deur die woord van Elohiem en gebed."

> Heb. 13:9 – 10 "Moenie rondgslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat **die hart versterk word deur genade**, <u>nie deur voedsel nie</u>, waarvan **die wat daarin gewandel het geen voordeel gehad het nie**.
> Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie."

Dis baie belangrik om die volgende te verstaan ……….

As ons 'n Levitiese "wettiese" verstandhouding het en dit probeer toepas op die Koninkryk van die Hemel/Elohiem in die MelekTzadekorde soos wat Messianisme leer, sal ons nooit opgroei in Messias as ons Hoof nie, terwyl dit die vryheid in Messias is waarin ons moet vasstaan, waarvan die Boek van Handelinge 'n voorbeeld is (Gal. 5:1, Jak. 2:12).

> Jak. 2:12 "Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die Torah van Vryheid geoordeel sal word."

Die HELE MelekTzadek VERANDERING moet toegepas word wanneer ons JaHUaH se Torah wil uitleef.

Ons kan nie sommige Levitiese wette as "werke" doen (Rom. 3:28) en andere met die Verstand/Gemoed (Rom. 7:26) nie.

Beteken dit dat alles GOED is vir mens om te eet en nie skadelik sal wees nie?

> 1 Kor. 10:23 "**<u>Alles is my geoorloof</u>**, maar **<u>nie alles is nuttig nie</u>**: alles is my geoorloof, maar nie alles stig nie."

Tog …

> 1 Kor. 10:27 "En as een van die ongelowiges julle nooi en julle is gewillig om te gaan, eet dan alles wat julle voorgesit word sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete."

Mens se motief word getoets. Eet mens om luste en begeertes te versadig, of eet ons om te kan lewe.

Dit bepaal keuses in tye wanneer daar volop kos is teenoor 'n tyd waar daar hongersnood mag wees en 'n mens beperk is tot dit wat beskikbaar is om te eet om aan die lewe te kan bly.
Ons is almal deeglik bewus van die toestand waarin die wêreld is en hoe dit ons voedselinname nadelig affekteer wat uiters skadelik is vir ons liggame. Die wêreld is nie nou in die toestand wat dit was in Noag se tyd nie.

Ons leef in 'n wêreld waar daar gifstowwe in die lug is wat ons inasem, sowel as in die water wat ons drink en in die kos wat ons eet. Varke kan ook heelwat verskillende siektes dra wat baie maklik oordra op mense vir verskeie redes. Ander aasdiere sal ook 'n nadelige uitwerking op die mens se liggaam kan hê.

Al hierdie dinge veroorsaak 'n oorbelading vir die liggaam wat dan siektes veroorsaak ("dis-ease"), maar daar kom 'n dag dat die vernietigers van die aarde, self vernietig sal word (Open. 11:18).

Intussen moet ons vanuit die MelekTzadekorde rasionele besluite neem oor wat vir ons "nuttig" is om te eet, al is alles vir ons geoorloof.

Terloops …

In Gen. 7 lees ons van kos wat rein ("tahor") en onrein is (nie "tahor" nie). In Lev. 11 is daar egter 'n verskil, want daar lees dit: "rein" (tahor) en "onrein" (Tamei).

Nie "tahor" nie, is nie dieselfde as nie "tamei" nie. In Lev. 11 is daar 'n lys sodat daar geen twyfel kan wees nie, maar met Noag word die beginsel gegee aangaande dit wat iets onrein sou maak.

Ons moet dus verantwoordelike keuses maak met die regte motiewe. Eet ons om ons begeertes te bevredig, of eet ons om te kan lewe. Keuses sal 'n kwessie raak soos bv. wanneer daar hongersnood is, teenoor wanneer kos volop is om van te lewe.

Ten slotte …

Die geheim hier is dat voedsel fisies is soos wat die Levitiese stelsel was, terwyl ons nou in 'n geestelike bestel opereer in die MelekTzadekorde, hoewel ons in fisiese liggame is waarvoor ons tog 'n verantwoordelikheid het.

Ons moet dus self deur die Ruach besluite neem oor hoe ons ons liggame kan help sodat dit op hulle beste kan funksioneer totdat hierdie bedeling verby is, terwyl ons fokus op die geestelike toepassing van die Torah van JaHUaH in die MelekTzadekorde van die Koninkryk van die Hemel en nie op die fisiese en wettiese toepassing van die Levitiese orde nie.

-o-o-o-o-o-o-o-

AndriYaH
Oktober 2016